**<u>VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN</u>**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèl Nr. : A191/2011

In die appèl tussen:-

| | |
|---|---|
| **<u>DANIëL MELCK</u>** | 1ste Appellant |
| **<u>STANLEY VAALBANK</u>** | 2de Appellant |

en

| | |
|---|---|
| **<u>DIE STAAT</u>** | Respondent |

---

**<u>CORAM:</u>** EBRAHIM, R *et* VAN DER MERWE, R *et* JORDAAN, R

---

**<u>AANGEHOOR OP:</u>** 20 JUNIE 2011

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** JORDAAN, R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 8 SEPTEMBER 2011

---

[1] Die appellante is aanvanklik saam met drie ander mede-beskuldigdes aangekla van verskeie misdade. Die huidige appellante het figureer as beskuldigdes 1 en 2 onderskeidelik tydens die verhoor.

[2] By die aanvang van die verhoor is die aanklagte teen beskuldigde nommer 5 teruggetrek en het dit geblyk dat

beskuldigdes nommers 3 en 4 reeds oorlede was. Die verhoor het slegs voortgegaan ten opsigte van appellante nommers 1 en 2 en ook slegs ten opsigte van twee aanklagte synde:

Aanklag 3: Poging tot moord

Aanklag 4: Moord.

[3] Beide appellante het onskuldig gepleit en was regsverteenwoordig tydens die verhoor. Nadat die staatsgetuies getuig het het beide appellante self getuienis afgelê en is daar ook twee getuies namens appellant nommer 2 geroep, synde ene Scheepers en ene Mcharleys. Laasgenoemde getuie het slegs ten opsigte van sekere voorafgaande gebeure getuig en is sy getuienis nie werklik relevant by beoordeling van die saak nie.

[4] Ten opsigte van aanklag 3 is appellant nommer 1 onskuldig bevind terwyl appellant nommer 2 skuldig bevind is, soos aangekla, dit wil sê aan poging tot moord. Wat aanklag 4 betref is appellant nommer 1 skuldig bevind soos aangekla aan moord terwyl appellant nommer 2 skuldig bevind is aan aanranding met die opset om ernstig te beseer. Appellant

nommer 1 is ten opsigte van die moord gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf en appellant nommer 2 is ten opsigte van die aanklag, poging tot moord, gevonnis tot 6 jaar gevangenisstraf en ten opsigte van die aanranding met die opset om ernstig te beseer tot 2 jaar gevangenisstraf waarvan 12 maande samelopend uitgedien moes word met die vonnis op aanklag 3 (poging tot moord). Beide appellante kom in hoër beroep teen hul skuldigbevindings en vonnisse met verlof van die hof *a quo*.

[5] Die getuienis van die verskillende getuies, insluitende die van die appellante, is in die uitspraak van die verhoorhof volledig behandel en ontleed. Ek is nie van voorneme om dit hierin op te som of te herhaal nie. Dit dien vermeld te word dat appellant nommer 1 geen pleitverduideliking gegee het nie terwyl daar wel 'n pleitverduideliking namens appellant nommer 2 gegee is. Beide appellante het sekere erkennings gemaak in terme van artikel 220 van die Strafproseswet waarna later verwys sal word in soverre dit relevant is tot beslissing van die aangeleentheid.

[6] Die breë agtergrond wat aanleiding gegee het tot voormelde

skuldigbevindings is die volgende:

Op die 8ste September 1997 was die twee appellante besig om te kuier by ‘n sekere drinkplek. Op ‘n stadium het die getuie Mcharley (ook bekend as Tossie) daar opgedaag en was hy klaarblyklik verwond. Volgens sy mededeling is hy deur Frans Tony Alexander (hierna genoem die oorledene) met ‘n mes gesteek tydens ‘n onderonsie. Appellant nommer 2 het daarop gereël dat Tossie vir mediese behandeling geneem word deur ‘n vriend en, aangesien die oorledene aan die appellante bekend was en klaarblyklik bevriend was met die appellante, besluit om te gaan uitvind wat gebeur het. Hulle is met die voertuig van appellant nommer 1 en deur laasgenoemde bestuur na die omgewing van Dalystraat 45, waar appellant nommer 2 se Venture voertuig geparkeer was. Appellant nommer 1 het naby die Venture voertuig stilgehou waarop appellant nommer 2 uit die voertuig geklim het en die oorledene, wat in die omgewing was, gaan konfronteer het. Die oorledene was met ‘n mes gewapen, klaarblyklik aggressief en onder die invloed van drank. Appellant nommer 2 was gewapen met ‘n .38 rewolwer en het onder andere ‘n aantal skote in die rigting van die onderlyf van die oorledene afgevuur. Die

oorledene het, gewapen met die mes, steeds dreigend na die 2de appellant gekom as gevolg waarvan laasgenoemde terug is na die voertuig van die 1ste appellant, daarin gespring het en die oorledene probeer het om aan die voertuig vas te klou terwyl dit wegtrek. Dit is gemene saak dat die oorledene toe sy greep verloor het en klaarblyklik geval het. Volgens die staatsgetuie, Jordaan asook appellant nommer 1 het appellant nommer 1 weer met die voertuig tot stilstand gekom, 'n entjie vanaf die punt waar dit weggetrek het en het appellant nommer 2 weer uit die voertuig geklim waarop die oorledene weggehardloop het na 'n sypaadjie, waar appellant nommer 2 verdere skote op die oorledene gevuur het. Hierdie tweede geleentheid van die afvuur van skote op die oorledene is deur appellant nommer 2 ontken en ook nie gestaaf deur die getuienis van die getuie Scheepers, namens die 2de appellant nie. Op 'n stadium gedurende hierdie proses het ene Neusie (voorheen beskuldigde 3) by die appellante aangesluit en agter op die bakkie van appellant nommer 1 gespring en is toe saam met die appellante met die voertuig daar weg. 'n Ent verder het gesegde Neusie aangedui dat hy wou afklim en het hy, vergesel van appellant nommer 2, te voet verder beweeg.

Dit blyk dat hulle twee klaarblyklik daarvandaan gestap het na die woning van die oorledene geleë te Dalystraat 32 waar die verdere voorval, wat aanleiding gegee het tot die moordklagte, plaasgevind het. Appellant nommer 1 het aangery en weer by 'n drinkplek gaan kuier. Alhoewel hy geen afspraak gehad het om weer die ander twee te ontmoet nie het hy op 'n stadium besluit om na hulle te gaan soek. Op 'n stadium het hy getuig dat hy eintlik oppad was na sy huis en nie spesifiek oppad was om die twee, naamlik appellant nommer 2 en Neusie te gaan soek nie. Terwyl hy ry het hy sy susterskind, Gloria, wie in 'n verhouding met Neusie betrokke was, langs die pad ontmoet en as gevolg van sekere mededelings wat sy aan hom gemaak het het hy besluit om na die woning van die oorledene te Dalystraat 32 te gaan. Dit was ongeveer 'n half uur na die eerste voorval.

[7] Dit blyk uit die getuienis dat, alvorens appellant nommer 1 by die oorledene se huis opgedaag het, daar by die betrokke huis weer 'n geveg tussen die oorledene, appellant nommer 2 en Neusie plaasgevind het waarby moontlik nog ander persone ook betrokke was. Tydens hierdie geveg was die oorledene na bewering steeds met 'n mes bewapen en het

Neusie en appellant nommer 2 met die oorledene handgemeen geraak. Neusie het ‘n voorwerp vergelykbaar met ‘n sabel gehad waarmee hy die oorledene oor die kop en nek geslaan het. Op ‘n stadium tydens hierdie struweling het een van die omstanders ‘n bofbalkolf in die rigting van appellant nommer 2 gegooi en het laasgenoemde die gesegde kolf gebruik om die oorledene twee harde houe op die lyf toe te dien. Weens hierdie geveg was die oorledene bebloed. Dit blyk uit die getuienis dat daar verskeie omstanders was toe die betrokke geveg plaasgevind het. Op die stadium wat appellant nommer 1 by die toneel opgedaag het was appellant nommer 2 en Neusie oppad om die perseel te verlaat en in die omgewing van die hekkie wat lei na die sypaadjie, uit die erf van die oorledene. Appellant nommer 1, ook gewapen met ‘n .38 special rewolwer, het skote op die oorledene afgevuur, volgens hom omdat hy bevrees was dat die oorledene vir appellant nommer 2 en Neusie verder sou beseer. Die oorledene is dood as gevolg van die gesamentlike effek van die kop en nek wonde deur Neusie toegedien en die verskeie skietwonde op die laer liggaam van die oorledene wat hipovolemiese skok tot gevolg gehad het.

[8] Namens die appellante is aangevoer dat die verhoorhof fouteer het in sy beoordeling van die getuies en sy geloofwaardigheidsbevindings. In die besonder is aangevoer dat die verhoorhof in 'n mate verblind was deur die stof van die arena aangesien dit uit die oorkonde blyk dat die verhoorhof tot 'n mate van tyd tot tyd tot 'n onbehoorlike mate (aldus die argument) met die voer van die verhoor ingemeng het en vrae gevra het wat neerkom op onbehoorlike kruisverhoor vanaf die regbank. Mnr Nel namens appellant nommer 1 het egter uitdruklik nie aangevoer dat die optrede van die verhoorhof tot gevolg het dat die appellante nie 'n regverdige verhoor gehad het nie maar hoogstens aangevoer dat die geloofwaardigheidsbevindings van die verhoorhof daardeur besoedel is en in twyfel getrek behoort te word. Die kritiek op die optrede van die verhoorhof is nie totaal ongegrond nie. Die vraag is egter of die bevindinge van die verhoorhof, inagnemende voormelde kritiek, fouteer kan word. Uit die uitspraak blyk dit dat die verhoorhof uiters versigtig was in die beoordeling van die getuienis en inderdaad sy bevindings hoofsaaklik gebasseer het op die getuienis van die

appellante as sulks en soos aangevul of gestaaf deur ander aanvaarde getuienis. Ek sal hiermee handel wanneer die posisie van die onderskeie appellante oorweeg word.

[9] Weens die kronologiese verloop van gebeure is dit aangewese om eers die posisie van appellant nommer 2 te behandel. Wat aanklag 3, poging tot moord aanbetref het Mnr Pretorius wat namens appellant nommer 2 verskyn het tereg toegegee dat, indien die verhoorhof korrek was in sy bevinding dat appellant nommer 2 'n tweede keer uit die voertuig geklim en op die oorledene gevuur het, hy korrek skuldig bevind is. Hy het egter aangevoer dat die verhoorhof nie voldoende gewig verleen het aan die getuienis van die getuie Scheepers wat nie so 'n tweede voorval gesien het of waargeneem het nie. Sy getuienis staaf natuurlik dan die ontkenning van die tweede appellant dat hy 'n tweede keer op die oorledene gevuur het. Ten opsigte hiervan het die verhoorhof die getuienis van die getuie Jordaan aanvaar soos gestaaf deur die getuienis van die eerste appellant naamlik dat die tweede appellant 'n tweede keer uit die voertuig geklim en op die oorledene gevuur het. In hierdie verband is die erkenning namens appellant nommer 2 van

wesenlike belang. Dit is naamlik deur hom erken dat die polisie na die voorval sy vuurwapen ondersoek het en in die vuurwapen drie lewendige rondtes en twee afgevuurde doppies gevind het. Dit is gemene saak dat appellant nommer 2 se rewolwer slegs 5 lewendige rondtes in die magasyn kan huisves. Volgens sy eie getuienis het appellant nommer 2 drie skote afgevuur wat natuurlik nie versoenbaar is met die feit dat daar drie lewendige en twee afgevuurde doppies in die rewolwer gevind is na die tyd nie. Volgens die getuienis van beide Scheepers en Jordaan het die betrokke appellant gedurende die eerste afvuur van skote ten minste vyf skote afgevuur. Dit bring mee dat daar, tensy die vuurwapen herlaai is, geen lewendige rondtes daarin gevind sou word na die tyd nie. Die afleiding is derhalwe onvermydelik dat tweede appellant op 'n stadium die vuurwapen oopgemaak, ontlaai en herlaai het alvorens die polisie die vuurwapen ondersoek het. Dit is nie sy getuienis nie, en is dit verder op die geheel van die getuienis duidelik dat daar tydens die afvuur van die eerste vyf skote nie 'n geleentheid vir die tweede appellant was om sy vuurwapen te herlaai nie. Die enigste geleentheid wat daar was om dit te doen sou wees toe hy terug in die voertuig van

eerste appellant geklim het en alvorens hy weer uitgeklim het en weer eens op die oorledene geskiet het.

[10] Dit is voorts duidelik dat die tweede appellant daarop uit was om konfrontasie met die oorledene te ontlok. Volgens sy eie weergawe het die afvuur van skote na die oorledene geen effek op laasgenoemde gehad nie maar het die tweede appellant nogtans daarin geslaag om die beweerde aggressie van die oorledene te ontduik deur bloot terug te hardloop na die voertuig en daar in te spring. Dit kon hy uit die staanspoor gedoen het sonder die nodigheid van die afvuur van die vuurwapen op die oorledene. Selfs al het hy na die onderlyf van die oorledene gemik is dit uit sy eie getuienis duidelik dat hy besef het dat hy die oorledene noodlottig kon wond indien hy so optree en het hy hom daarmee versoen. Waar hy kon ontvlug was die afvuur van die skote nie in die omstandighede geregverdig nie. Nie alleen was daar ander omstanders in die persone van Jordaan en Scheepers wat hulp kon verleen teen ‘n dreigende aanval van die oorledene nie maar was die eerste appellant ook beskikbaar om sodanige hulp te verleen. Dit blyk verder dat die derde beskuldigde, Neusie, kans gesien

het om die oorledene om sy lyf te gryp en om hom onder bedwang te probeer bring.

[11] Ek is nie oortuig dat die verhoorhof fourteer het deur te bevind dat die tweede appellant op ‘n stadium weer uit die voertuig geklim en op die oorledene gevuur het nie. Op daardie basis is hy onteenseglik skuldig aan poging tot moord soos aangekla. Selfs indien die verhoorhof in hierdie opsig sou fouteer het, waarvan ek nie oortuig is nie, blyk dit uit die voormelde dat die appellant in die omstandighede hoegenaamd nie nodig gehad het om op die oorledene te vuur nie. Hy is na die oorledene, gewapen met sy vuurwapen, wat hy volgens beide Scheepers en Jordaan in sy hand gedra het, hy het konfrontasie gaan soek en het bo redelike twyfel op die oorledene gevuur nie met die bedoeling om ‘n aanval van die oorledene af te weer nie maar ten einde die oorledene te verwond, welke verwonding voorsienbaar tot die dood van die oorledene sou kon lei. Hy is derhalwe tereg skuldig bevind op aanklag 3.

[12] Wat aanklag 4 betref is appellant nommer 2 soos voormeld skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te

beseer. Dit is duidelik dat die appellant, vergesel van Neusie, weer eens die oorledene gaan konfronteer het nadat hy pas 'n halfuur gelede gepoog het om die oorledene te dood. Hy het geweet dat die oorledene aggressief is en het geweet dat 'n verdere konfrontasie met die oorledene tot verdere geweld sou lei. Nie alleen het hy kort tevore op die oorledene gevuur nie maar in alle waarskynlikheid ten minste een wond aan die oorledene toegedien tydens die skietery. Hy het weer eens gaan konfrontasie soek, wetende dat die oorledene gewapen is en wetende dat die oorledene hom waarskynlik weer sou aanval. Hy kon die hele situasie vermy het deur bloot weg te bly van die oorledene totdat dinge kalmeer het. Eweneens was hy nie alleen vergesel van Neusie nie, maar blyk dit uit die getuienis dat daar ander omstanders was wat tot hulp kon kom indien daar 'n aanval deur die oorledene op hom sou wees. Myns insiens het die verhoorhof tereg bevind dat die tweede appellant hom nie kan beroep op noodweer waar hy self die konfrontasie gaan soek het in die voormelde omstandighede nie. Ook ten opsigte van hierdie klag is ek van mening dat hy tereg skuldig bevind is soos voormeld.

[13] Wat die posisie van appellant nommer 1 aanbetref is namens hom aangevoer dat hy op die minste opgetree het in 'n putatiewe noodtoestand ten einde 'n moontlike aanval op appellant nommer 2 en Neusie af te weer. Dit is ook aanvoer dat die hof na sy subjektiewe beoordeling van die omstandighede moet let en nie die omstandighede asof uit 'n leunstoel moet benader nie. Dit is betoog dat die eerste appellant veral bekommerd was oor die veiligheid van Neusie wat in 'n verhouding met die appellant se susterskind betrokke was. Laasgenoemde submissie strook natuurlik nie met die getuienis van die eerste appellant homself, tot die effek dat hy bekommerd was oor beide die tweede appellant en Neusie se veiligheid nie. Eerste appellant se verduideliking waarom hy na Neusie en tweede appellant gaan soek het was onoortuigend. Hulle het geen afspraak gehad om mekaar weer te ontmoet nie en voorts is sy verduideliking hieromtrent teenstrydig. Op een stadium meld hy dat hy weg is om na hulle te gaan soek terwyl hy op 'n ander stadium meld was dat hy oppad was na sy huis toe hy sy susterskind Gloria raakgeloop het.

[14] Appellant nommer 1 se optrede moet beoordeel word aan

die hand van die breë agtergrond van die feitelike omstandighede wat op die betrokke dag geheers het. Tydens die eerste voorval waar appellant nommer 2 op die oorledene geskiet het in die omgewing van Dalystraat 45 het appellant nommer 1 bloot in sy voertuig bly sit nieteenstaande die getuienis dat die oorledene gewapen met ‘n mes die tweede appellant bedreig het. Hy het dit nie toe nodig geag om ter verdediging van tweede appellant enige handeling te verrig nie. Soos reeds vermeld is sy verduideliking van die rede waarom hy na die oorledene se huis is verdag. Op sy eie weergawe het hy die oomblik toe hy by die oorledene se huis aankom, opgemerk dat die oorledene op die stoepie staan en bebloed is. Welliswaar het die oorledene nog ‘n mes in sy hand gehad. Volgens hom was appellant nommer twee en Neusie reeds besig om die erf te verlaat en in die omgewing van die hekkie ten einde so te doen. Appellant nommer twee en Neusie was tussen hom en die oorledene en hulle het derhalwe sy weg versper. Dit spreek vanself dat hy nie op daardie stadium summier op die oorledene kon vuur sonder om te sorg dat Neusie en appellant nommer 2 uit die pad is nie. Die waarskynlikhede is sterk dat appellant nommer 2 korrek is in

sy getuienis tot die effek dat appellant nommer 1 hulle gelas het om uit die pad te kom, juis klaarblyklik met die doel om 'n oop teiken na die oorledene te hê. Behalwe appellant nommer 2 en Neusie was daar verskeie ander omstanders en was dit nie nodig om die oorledene te skiet ten einde Neuse en appellant nommer 2 te beskerm nie. Sy skielike besorgdheid strook nie met sy optrede tydens die eerste geleentheid soos voormeld, waar appellant nommer 2 en die oorledene in 'n onderonsie was nie. Die aantal skote wat hy na bewering afgevuur het strook ook nie met die waarskynlikhede nie. Op die getuienis het appellant nommer 2 hoogstens die oorledene een skoot in die been raakgeskiet. Dit blyk dat die oorledene vyf skote in sy liggaam gehad het en, volgens appellant nommer 1, het hy een skoot in lug afgevuur en slegs twee skote op die oorledene afgevuur. Dit blyk verder uit die getuienis dat daar nog 'n skoot teen die muur by die venster van die betrokke huis sigbaar was. Wat meer is, die appellant se getuienis tot die effek dat die oorledene op die toneel gestaan het met 'n mes in sy hand is teenstrydig met die stelling wat namens hom gemaak is aan Me Visagie tot die effek dat die oorledene by sy aankoms gesit/lê het alvorens hy opgestaan

het. Appellant nommer 2 en Neusie was tevrede dat hulle die toneel kan verlaat sonder gevaar is daar geen goeie rede waarom appellant nommer 1 anders sou moes oordeel nie. Uit die getuienis blyk dit dat appellant nommer 2 hoegenaamd nie sy vuurwapen gebruik het by die woning van die oorledene nie. Tog word daar op die toneel een lewendige rondte en een afgevuurde doppie gevind ongeveer 9 meter van die posisie waarin appellant nommer 1 hom bevind het toe hy die skote afgevuur het. Soos blyk uit bewysstuk "E" is die huis van die oorledene waar die skote deur appellant nommer 1 afgevuur is ongeveer 1,9 kilometer vanaf die toneel waar die eerste voorval tussen die oorledene en appellant nommer 2 plaasgevind het. Die afleiding is bykans onvermydelik dat appellant nommer 1 op die toneel van die oorledene se huis ook waarskynlik sy vuurwapen herlaai het. Daar is geen ander redelike verduideliking van waar die betrokke bewysstukke hul oorsprong sou vind nie. Ek is oortuig dat die verhoorhof korrek was in sy bevinding dat appellant nommer 1 by die betrokke toneel op die oorledene gevuur het sonder enige regverdiging en met die bedoeling om hom te dood, ten minste by wyse van moontlikheidbewussyn. Hy is derhalwe

terreg skuldig bevind soos aangekla.

[15] Wat die opgelegde vonnisse betref dien dit vermeld te word dat die misdrywe gepleeg is voordat die bepalings van Wet 105 van 1997 in werking getree het. Die hof was derhalwe nie gebonde aan enige voorgeskrewe minimum vonnisse wat betref die moordklag nie.

[16] In die oplegging van vonnis het die verhoorhof op versigtige en ewewigtige wyse die persoonlike omstandighede van die appellante, die belang van die gemeenskap en die erns van die misdrywe in ag geneem. Ek is nie van mening dat die verhoorhof hom in enige opsig ten opsigte van die oplegging van vonnis wanvoorgelig het nie. Die enigste oorblywende vraag is die vraag of die vonnisse in al die omstandighede aangemerk kan word as skokkend hoog en onvanpas tot die mate wat hierdie hof daarmee moet en behoort in te meng. Ek is nie van mening dat enige van die opgelegde vonnisse ten opsigte van appellant nommers 1 of 2 sodanig swaar of onvanpas is dat inmenging deur hierdie hof geregverdig is nie.

[17] Bygevolg word die appèl van beide appellante teen skuldigbevinding en vonnis afgewys.

**A.F. JORDAAN, R**

Ek stem saam.

**S. EBRAHIM, R**

Ek stem saam.

**VAN DER MERWE, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant No. 1: | Adv. J. Nel<br>In opdrag van:<br>Mphafi Khang Ing.<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die appellant No. 2: | Mnr. K. Pretorius<br>In opdrag van:<br>Regshulpraad<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. A. Bester |

In opdrag van:
Die Direkteur van Openbare
Vervolgings
BLOEMFONTEIN

/eb